SOLIDARITEIT
SOLIDARITY

2 September 2025

**SOLIDARITEIT**
Dr. Dirk Hermann (Bestuurshoof)

**MEMORANDUM: STELLENBOSCH MUNISIPALITEIT, KANNEMEYER - VIRALE VIDEO'S**

Hierdie memorandum volg na aanleiding van die twee virale video's van uitlatings deur die Stellenbosch Munisipaliteit se Senior Bestuurder: Menslike Hulpbronne-Korporatiewe Dienste, Alexander Kannemeyer, wat op 2 September 2025 op sosiale media uitgelek het.

Ter agtergrond het die Stellenbosch Munisipaliteit in 2022 die posisie van Bestuurder: Watersuiwering-infrastruktuurdienste (IS/WWS/WT/01) geadverteer met 'n sluitingsdatum van 3 Oktober 2022.

Die paneel het bestaan uit die Direkteur: Infrastruktuurdienste; Bestuurder: Afvalwatersuiwering; Senior Bestuurder: Dienste-ontwikkeling, Batebestuur & Stelsels; en Projekbestuur-eenheid. Die nie-paneellede teenwoordig was: Alexander Kannemeyer (Senior Bestuurder: Menslike Hulpbronne-Korporatiewe Dienste) en 'n IMATU-verteenwoordiger.
Die paneel het sewe kandidate gekortlys en onderhoude gevoer waarin 'n wit manlike persoon as die beste kandidaat aangewys is, met 'n bruin vroulike en twee swart manlike kandidate wat daarop gevolg het. Die paneel het egter besluit om nie die wit man as beste kandidaat

aan te stel nie, maar eerder die bruin vroulike kandidaat. Sy het egter haar bedanking ingedien.

Ná die bedanking het die paneel weer op 13 Maart 2023 gesit om op grond van dieselfde vorige tellings op die volgende kandidaat te besluit.  Een van die paneellede, 'n bruin man, het die vergadering via MS Teams bygewoon.

Volgens die twee uitgelekte video's het Alexander Kannemeyer (Senior Bestuurder: Menslike Hulpbronne-Korporatiewe Dienste) op 13 Maart 2023, onder andere, die volgende uitlatings gemaak:

***VIRALE VIDEO 1, 2 SEP. 2025***

- *"But, I have a big concern that we, everytime when we appoint somebody and come back and we go to the highest scorer, it is always a white male.  I believe that we are never gonna get this organisation right with that type of attitude."*

- *"I have a concern that we also have always whites still in charge of Technical Services at Water Services.  I have a problem with that, because the message we send out to especially internal staff is that they don't have the capability and competency."*



Bellville
T: 021 946 4440/4418 I C: 0861 25 24 23 I F: 021 949 4259 I E: bellville@solidariteit.co.za
Imperial Terraces, 2de Vloer, Tyger Waterfront, Bellville, 7535 I Imperial Terraces, 2nd Floor, Tyger Waterfront, Bellville, 7535

- *"I cannot support that we every time we appoint the best scoring candidate it is always the white male."*

- *"So, we are not going to go with gender based anymore. So, we work through a fashion where we either make life difficult for the person that came in (and I'm not saying it happened). I'm saying we make life difficult for the person that came in… the person resigns and afterwards we get what we want."*

***VIRALE VIDEO 2, 2 SEP. 2025***

- *"… because I'm going to be honest with you, the white person is part of the problem. I'm opening it up. The white person is part of the problem."*

- *"The white person is part of the problem. That is what we had, they're unable to engage with the staff."*

- *"I'm open and honest, I don't care what people is gonna say about me, that I'm racist or whatever but that is their problem."*

Hierdie video's is eintlik twee uittreksels van 'n langer video waarin ander kommerwekkende stellings ook gemaak word.

Die paneellede het die tegniese vaardighede, dus aanstelling op meriete, vir die pos as krities belangrik beskou, maar Kannemeyer se kommentaar en sy voorstel aan die Munisipale Bestuurder het klaarblyklik tot gevolg gehad dat ’n aanbod aan ’n swart kandidaat, met laer punte, gemaak is. Hierdie aanbod is egter van die hand gewys. Eers daarna is die beste kandidaat (wit man) genader en uiteindelik aangestel.

Die pos ter sprake rapporteer aan twee senior bestuurders in die spesifieke afdeling wat albei wit mans is. Dis opmerklik dat dit ’n bruin manlike paneellid is wat Kannemeyer se uitlatings so afstootlik en neerhalend gevind het dat hy die fluitjie geblaas het. Aangesien hy bevrees was dat die MS Teams-opname dalk sou verdwyn, het hy kort ná die vergadering vir die opname gevra. Die opname wat hy ontvang het, sou binne slegs sewe dae verstryk, terwyl die normale verstrykingstydperk 180 dae is.

Hy kon die opname ook glad nie aflaai nie, en aangesien sy versoeke vir ’n aflaaibare weerggawe op dowe ore geval het, het hy geen ander keuse gehad as om self ’n opname van die Teams-opname op sy selfoon te maak nie. Dis ook maar goed dat hy dit gedoen het, aangesien dit later in litigasie duidelik geword het dat die oorspronklike opname heeltemal vermis word en/of vernietig is en dat die Stellenbosch Munisipaliteit glad nie meer die opname het nie.



Bellville
T: 021 946 4440/4418 I C: 0861 25 24 23 I F: 021 949 4259 I E: bellville@solidariteit.co.za
Imperial Terraces, 2de Vloer, Tyger Waterfront, Bellville, 7535 I Imperial Terraces, 2nd Floor, Tyger Waterfront, Bellville, 7535

SOLIDARITEIT
SOLIDARITY

Volgens die interne "Fluitjieblaas Beleid", Klousule 5.7, moes die Stellenbosch Munisipaliteit formele prosedures daarstel vir persone om beskermde bekendmakings te kan doen, maar tot op hede het hulle ook dit nog nie gedoen nie.

Die twee wit senior bestuurders asook die bruin manlike paneellid en bestuurder is al drie lede van Solidariteit. Die Direkteur: Korporatiewe Dienste het geweier om die senior bestuurders se griewe teen Kannemeyer te hanteer, en die daaropvolgende dissiplinêre klagtes teen Kannemeyer by die Munisipale Bestuurder is ook glad nie deurgevoer nie. Dit het uiteindelik aanleiding gegee tot beide senior bestuurders en die paneellid se formele beskermde bekendmakings op 11 September 2023 aan die Munisipale Bestuurder, met die pleidooi om Kannemeyer se optrede te ondersoek en om stappe te doen om sodanige optrede te verhoed.

Dit is skokkend dat Kannemeyer tot op hede nog glad nie ondersoek was nie.

Daar is absoluut geen konteks wat die skreiende rassistiese uitlatings van Kannemeyer kan regverdig nie. Kan jy jouself indink watter openbare oproer dit sou veroorsaak as Kannemeyer se uitlatings teenoor "*the whites*", "*white males", "the white person is unable to engage with the staff" vervang sou word* met verwysings na 'n persoon van 'n ander ras of velkleur of geslag?

Dit is treffend hoe vermetel Kannemeyer is om voor te stel dat: *"I'm saying we make life difficult for the person that came in, the person resigns, and afterwards we get what we want",*



Bellville
T: 021 946 4440/4418 I C: 0861 25 24 23 I F: 021 949 4259 I E: bellville@solidariteit.co.za
Imperial Terraces, 2de Vloer, Tyger Waterfront, Bellville, 7535 I Imperial Terraces, 2nd Floor, Tyger Waterfront, Bellville, 7535

Deel van die Solidariteit Beweging

met die verdere arrogansie om uitdagend te sê: *"I'm open and honest, I don't care what people is gonna say about me, that I'm racist or whatever but that is their problem".* Wel, mnr. Kannemeyer, nou het dit definitief jou probleem geword!

Solidariteit het reeds op 5 Desember 2022 'n saak van onbillike ontslag vir een van die einste wit senior bestuurders in die South African Local Government Bargaining Council (SALGBC) gewen nadat Kannemeyer verskeie totaal ongegronde klagtes teen hom gebring het. Die Kommissaris het toe reeds oor Kannemeyer opgemerk *"…one gets the impression that there was an appetite to take disciplinary action against applicant …"*

Kannemeyer was duidelik reeds lankal besig met sy agenda en hy het nie geskroom om sy voorgestelde strategie uit te voer nie. Met die hulp van die Munisipale Bestuurder is Kannemeyer self aangestel as inisieerder in ongegronde dissiplinêre klagtes teen beide senior bestuurders en die fluitjieblaser-paneellid, terwyl enige interne verteenwoordiging deur Solidariteit geweier was.

Die Munisipale Bestuurder en Kannemeyer het so onlangs soos April 2025 dissiplinêre klagtes teen die paneellid gebring vir sy beskermde bekendmaking van 2023. Solidariteit het 'n dringend hofaansoek gebring en die arbeidshof het beslis dat die saak ingevolge artikel 188A(11) deur die SALGBC aangehoor moes word, waarna die SALGBC-kommissaris op 24 Junie 2025 in die paneellid se guns beslis het.



Bellville
T: 021 946 4440/4418 | C: 0861 25 24 23 | F: 021 949 4259 | E: bellville@solidariteit.co.za
Imperial Terraces, 2de Vloer, Tyger Waterfront, Bellville, 7535 | Imperial Terraces, 2nd Floor, Tyger Waterfront, Bellville, 7535

Die Munisipale Bestuurder en Kannemeyer het ook ongegronde dissiplinêre stappe teen die ander Senior Bestuurder in gestel wat Solidariteit ook suksesvol afgeweer het met ‘n toekenning en kompensasie in sy guns op 25 Junie 2025. Daar is ook ander aanduidings dat Kannemeyer dissiplinêre stappe instel teen een van die wit senior bestuurders ondanks die feit dat die direkte rapporteringslyn nie daarmee ooreenstem nie. Verder ook sou Kannemeyer self ’n dissiplinêre klagtevorm voltooi in die naam van ’n ander senior bestuurder wat later geweier het om die vorm te teken omdat hy nie daarmee saamstem nie. Kannemeyer sou dan na bewering met die ongetekende vorm dissiplinêre optrede teen die wit senior bestuurder voortsit.

Op 20 Desember 2023 het van die wit senior bestuurders alreeds bedank omdat die werkgewer die voortgesette diensverhouding ondraaglik gemaak het. Die Stellenbosch Munisipaliteit het reeds aan die ander senior bestuurder kennis gegee van verdere moontlike dissiplinêre stappe teen hom hierdie jaar.

Ons kan nie ons lede net so los nie. Kannemeyer en die Munisipale Bestuurder moet albei indringend ondersoek word vir rassistiese uitlatings en onbillike disrkiminasie, dreigende en feitelike teistering en/of viktimisasie, versuim om ondersoek teen Kannemeyer in te stel en versuim om redelike stappe te doen om ons lede te beskerm en te verhoed dat daardie onbillike optrede weer gebeur.



Bellville
T: 021 946 4440/4418 I C: 0861 25 24 23 I F: 021 949 4259 I E: bellville@solidariteit.co.za
Imperial Terraces, 2de Vloer, Tyger Waterfront, Bellville, 7535 I Imperial Terraces, 2nd Floor, Tyger Waterfront, Bellville, 7535

SOLIDARITEIT
SOLIDARITY

Die vraag is natuurlik ook hoe al hierdie verkwiste uitgawes, kompensasie, verspilde tyd en regskostes verreken moet word gegewe Kannemeyer se persoonlike vendetta ten koste van die belastingbetaler, veral in ag genome die bepalings van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur.

Solidariteit se regsafdeling is besig om lede te adviseer aangaande 'n verdere beskermde bekendmaking aan die Openbare Beskermer en/of Anton Wilhelm Bredell (DA), die huidige Wes-Kaapse Provinsiale Minister van Plaaslike Owerhede, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, en lid van die Wes-Kaapse Provinsiale Regering.

Die feitestel is uniek deurdat bewyse in die vorm van oudio- en videomateriaal bestaan met sterk direkte ondersteunende getuienis en bewese toekennings in al drie Solidariteit-lede se guns. Verder is die saak natuurlik belangrik omdat dit 100% binne Solidariteit se beskermingsvisie van *de jure* werklikhede val.

Solidariteit en ons lede sal alles in ons vermoë doen om enige voortspruitende ondersoeke te ondersteun en van alle relevante inligting te voorsien. Ons nooi enigiemand wat oor meer inligting van soortgelyke onbillike optrede by die Stellenbosch Munisipaliteit beskik om Solidariteit te kontak.



Bellville
T: 021 946 4440/4418 I C: 0861 25 24 23 I F: 021 949 4259 I E: bellville@solidariteit.co.za
Imperial Terraces, 2de Vloer, Tyger Waterfront, Bellville, 7535 I Imperial Terraces, 2nd Floor, Tyger Waterfront, Bellville, 7535

Deel van die Solidariteit Beweging